Aangenaamsdal en sy mense

Die prentjie-mooi dorp, **Aangenaamsdal**, is omring deur berge en 'n rivier, die Mooirivier, wat deur die dorp loop. Ongelukkig is nie alles op die dorp altyd net aangenaam nie.

Soos die lewe nou maar is, gebeur daar saam met die soet ook die suur, saam met die mooi ook die lelik. Die dorp word soms deur die natuur bedreig – die Mooirivier het al die dorp oorstroom. Die mense wat hier bly, is maar altyd bang dit gebeur weer. Tog kan Aangenaamsdal se mense en besoekers nie uitgepraat raak oor die Mooirivier nie, want hier aan die walle van die Mooirivier kuier, speel en kom jy tot rus …

Langs die Mooirivier bly **Oupa Lag** en **Ouma Lief** – al die kinders (natuurlik die grootmense ook) op die dorp gaan speel en kuier graag by hulle, want Oupa Lag is vol sports, vertel stories, speel met die kinders en Ouma Lief maak die lekkerste eetgoedjies en luister graag na hulle.

Oupa en Ouma het nie hul eie kinders of kleinkinders nie – die dorp se kinders is hul kinders en by hierdie twee leer almal hoe om te glo, hoe om die lewe te geniet, hoe om die lewe vir ander om jou aangenaam te maak en hoe om die onaangenames met liefde te oorlaai.

Hier op Aangenaamsdal is 'n vriendekring van graad 6'e en graad 5's: **Pieter** en **Hannes**, broers van dieselfde ouderdom, maar die een is aangeneem (hy is 'n broerskind – sy ouers is albei in 'n motorongeluk dood en net hy het oorleef). Niemand op Aangenaamsdal weet meer wie van hulle twee is aangeneem nie.

Dan is daar **Diana**. Sy is die buitelugkind van die dorp, dalk omdat dit nie meer so lekker tuis is nie – haar ouers is aan die skei. Bruno is haar hond, maar eintlik sommer die vriendekring se hond.

Megan bly langs die broers, sy is 'n geselser, praat te vinnig en is 'n grapjas. Sy is die socially connected een – gedurig op haar foon, sosiale media met foto-flitse. Sy het 'n hasie, Jemima, wat almal maar moet help voer, want Megan vergeet van die haas, te besig met ander goed.

Amanda is die beeldskone diep-denker en sy hou baie van wetenskaplike goed. Sy hou van uitdagings en die hoekoms en die waaroms. Sy het ook 'n kat, Lucy, wat almal se vriend is, ja, selfs Bruno s'n.

Dan laaste, maar nie die minste nie, is daar **Cobus**, wat aan die ander kant van die dorp bly. Hy is deel van 'n arm gesin, maar hulle het darem elke dag kos om te eet. Hy kan baie mooi sing, maar daar hang soms 'n donker wolkie oor hom, waarmee sy vriende hom help. Hy is gereeld die teiken van die boelie op die dorp.

Ja, op Aangenaamsdal bly daar ook 'n boelie, **Ronnie**. Hy is groot en boelie graag vir Cobus en Pieter (en wie ook al hy voor lus is om te boelie). Ronnie bly by sy pa en stiefma – hy is ouer as die ander klomp, want hy het 'n paar keer al gedruip. Ronnie leer egter sy slegte maniere by die verkeerde klomp met wie hy graag uithang – die Gemaskerde Bende!

Dis reg, daar is ook die afgelope tyd 'n bende wat by die huise inbreek. Dit laat Aangenaamsdal se mense onveilig voel, want hulle ken nie so iets nie!

Maar kom ons kom terug by die vriendekring. Saam beleef hulle die lewe met al sy issues … maar gelukkig is daar die boek! Hierdie boek het hulle een dag onverwags ontdek toe hulle sulke wit pyle op die grond gesien het met die woorde wat langsaan geskryf staan:

"Volg die pyle en ontdek 'n groot skat!"

Hierdie eeue oue besonderse boek gee aan hulle woorde om te bid oor die mooi en die lelik wat Aangenaamsdal hulle bied … Kom kuier saam in Aangenaamsdal en ontdek so die paaie van gebed wat lei na die hart van God.

1. Die nuwe swaai

Pieter en Hannes lê lekker in die bed en slaap. Dit is Saterdag-oggend. Tok-tok-tok, klop iemand aan hulle venster. Pieter skrik wakker. Hy val amper uit die bed en pluk die gordyn oop. Buitekant staan Diana in haar drafklere.

"Slaap julle nog?" lag sy. "Ons gaan laat wees! Oupa Lag het gesê hy kan nie die swaai opsit voordat ons die regte boom gekies het nie."

Skielik onthou Hannes van Oupa Lag se nuwe boomswaai. Hy spring dadelik op.

"Kom julle nou? Of wil julle hê ek moet alleen Ouma Lief se vetkoek opeet?" vra Diana.

"Nee, wag, ons kom," roep Pieter.

Sommer gou-gou is hulle buite. Bruno blaf opgewonde vir hulle. Bruno is Diana se hond. Hy draf altyd saam met haar.

Gewoonlik gaan die kinders eers deur Ouma Lief se kombuis na Oupa se tuin toe, maar nie vandag nie. Hulle gaan reguit na Oupa se werkswinkel toe! Oupa Lag se oë blink wanneer hulle inkom.

"Hy het growwe hande en 'n sagte hart," sê Pieter en Hannes se ma altyd.

In Oupa Lag se hande is die nuwe swaai. Die houtsitplek is gladgeskuur en rooi en wit geverf. Die toue van die swaai is gevleg met 'n klomp verskillende kleure riempies.

"Is julle gereed om die boom te kies waaraan ek julle swaai moet ophang?" vra Oupa.

"Ek het klaar een gekies," sê Hannes. Die ander lyk ontevrede. "Maar julle mag sê of julle saamstem," glimlag Hannes vir hulle.

"Nou toe, kom wys my," sê Oupa. Bruno hardloop van die een na die ander en gee vir elkeen 'n vinnige lekkie van opgewondenheid. Uiteindelik kom hulle by die boom. Dit staan die naaste aan die rivier en is vol blommetjies.

"Dit is my berghardepeerboom. 'n Lekker stewige boom met mooi skaduwee. Goeie keuse, Hannes." Oupa klink tevrede.

"As julle tevrede is met Hannes se keuse, kan julle vir Oupa die grond onder die boom mooi skoonmaak. Vat al die klippies en takke weg wat julle voete kan seermaak. Ek gaan haal solank my staaldraad en die tang."

Dadelik begin die kinders skoonmaak. Pieter sien skielik wit pyle met die woorde daarby: Volg die pyle en jy sal 'n groot skat ontdek!

Dan van sy oog iets tussen die boom se wortels – 'n baie ou boek wat oop lê.

"Haai julle! Kom kyk hierso! Hier is 'n vreemde boek wat hier lê! Ek wonder of Oupa daarvan weet?"

Diana is eerste daar. Sy trek die boek nader en lees hardop:



"Dit vertel van ons boom," roep Hannes uit.

"Nee," sê Pieter. "Dit vertel van ons!"

"En God …" antwoord Amanda wat iewers stilletjies by hulle aangesluit het.

Hulle lees weer die stukkie. Almal is vir 'n rukkie stil.

Hulle hoor die rivierwater en die voëls bo in die berghardepeer. Hulle voel iemand is teenwoordig …

Dan kom Oupa aangestap. Hy glimlag skelmpies. Weet hy dalk ook van die antieke boek?

GESELSTYD

Wat het jy uit die storie geleer?

Wat het jy uit die Psalm geleer?

Hoe laat die volgende jou voel:

Gebed is vir ons amper
soos die vriende se swaai by die rivier …

BIDTYD

Here, help my om opwinding
in U Woord te hê. Dit dag en nag te herkou.
My ore net aan U uit te leen.
Sodat ek soos 'n herplante boom in die tuin van Eden kan
wees wat vars vrugte elke maand dra!
Amen

Om te weet

Psalm 1 is gedig as die inleiding tot die Psalmboek in die Bybel. Daar is twee maniere volgens hierdie psalm om te leef: die Woord-pad of Woordlose pad. Kom op aandag en fokus op God (en sy Woord). Dis die beste manier van lewe!

Onthou om Bybel te lees is meer hoe jy met God kontak maak en is eintlik 'n ander vorm van gebed.

Iets wat jy nou vir God wil sê?

2. Megan se fotoverhaal

"Julle almal moet my help. Dit gaan die beste fotoverhaal wees wat die wêreld nog gesien het!" lag Megan. Die maats sit in die skaduwee van Oupa se berghardepeerboom. Cobus sit en swaai lusteloos op die nuwe swaai. Die res staar Megan maar net onseker aan.

Amanda praat eerste. Sy maak notas in 'n boekie.

"Verstaan ek jou reg?" begin sy. "Jy wil hê dat ons saam met jou soek vir natuurwonders in en om Aangenaamsdal, sodat jy foto's daarvan kan neem en iets kan skryf vir jou blog?"

"Ja!" lag Megan. "Een, twee drie, blog myself!" giggel sy.

Dan beduie sy na die rivier en na die berg aan die ander kant daarvan. "Kyk net so. Is die rivier en die bergkranse daar oorkant nie mooi nie?"

Skielik rek haar oë. Sy beduie dat almal moet stilbly. Sy gryp haar kamera en mik dit na Cobus wat droomverlore op die swaai sit en tuur na niks. Sy neem 'n paar foto's. Diana giggel saam.

"Dis perfek!" juig Megan. "Kom, ons moet nog tonele gaan soek om af te neem. Waarheen sal ons volgende gaan?"

"Ek draf soms tot by Bobbejaankrans. Daar is die mooiste aalwyne. Ek sal julle die pad wys," vertel Hannes. Hy begin sommer stap en die res volg agterna. Dit neem 'n tydjie voordat Cobus agterkom die spannetjie is aan die beweeg.



Op pad na Bobbejaankrans neem Megan baie foto's. Amanda sien liewenheersbesies en Megan neem dit af. Pieter sien 'n rooivink tussen die riete. En Megan neem dit af. Diana probeer kort-kort om vir Bruno, haar hond, in te haal, maar hy bly te vinnig. Megan neem Bruno se opgewonde gesig af – sy is mal oor sy een bruin en een blou oog.

Meteens praat Cobus vir die eerste keer: "Bly gou stil! Ek hoor iets!"

Almal bly doodstil. Hulle frons, want hulle hoor niks nie.

"Dit klink soos 'n stroomversnelling of 'n waterval!" roep Cobus uit. Hy begin hardloop en die res probeer byhou.

Uiteindelik kom hulle op 'n plek in die Mooirivier waar die waters oor duisende klippe bruis. Megan neem verskriklik baie foto's. Nie eers Hannes, wat gereeld hier draf, het van die stroomversnelling geweet nie.

Heeldag stap die span maats saam met Megan terwyl sy oral foto's neem. Uiteindelik kom hulle weer op die rand van die dorp by Oupa Lag en Ouma Lief se huis aan. Megan wys vir almal op haar kamera wat sy alles afgeneem het: Vlamrooi aalwyne, liewenheersbesies, verkleurmannetjies, kranse, Mooirivier, Bruno se oë, Cobus op die swaai met die rivier agter hom, asook die sonsondergang onder die berghardepeerboom.

Skielik trek Megan haar asem hard in. Sy hou haar hand voor haar mond.

"Wat nou, Megan?" vra Hannes. "Is iets fout?"

"Ja," prewel sy saggies. "Ek het vergeet om vir Jemima kos te gee." Jemima is Megan se mak hasie.

Ouma Lief lag te lekker: "Toemaar wat, Megan. Ouma het vanoggend reeds 'n paar geelwortels uit die grond gaan oes vir vanaand se ete. En ek en Oupa het die vars wortelblare vir jou Jemima gaan voer. Sy het dit baie geniet!"

Oupa Lag haal sy selfoon uit. Hy het sowaar foto's geneem van Ouma Lief wat vir Jemima voer!

Megan is baie in haar skik. Skielik sien sy wit pyle. Sy stap agter dit aan en die res volg haar. In die sitkamer, onder die lamp, is die Bid-Boek weer oop. Verbaas tel Megan die boek op en lees hardop wat daarin staan:

> Here, ons Here! U Naam is net wonderlik, oral waar ons gaan.
> As ek sien hoe wonderlik U alles gemaak het, is ek net verbaas dat
> U sowaar aan my ook dink. Wie is ek dan nou? Kyk net al die diere,
> visse, voëls, goggas en plante! En ons kan dit alles waardeer!
> Here, ons Here! U Naam is net wonderlik, oral waar ons gaan.
> (Psalm 8:1, 4–5, 7–10)

"Dis vreeslik mooi!" sê Cobus toe. "Dit beteken God is ook daar waar ek bly, waar die tuine nie altyd so mooi is nie."

Megan was sommer nog meer opgewonde oor haar projek: "Ek gaan hierdie woorde van Psalm 8 deel maak van my foto-verhaal!"

"Het julle dit ook gevoel vandag?" vra Diana toe.

"Wat gevoel?" wou Hannes weet.

"Die gevoel dat daar nog iemand by ons was," antwoord Cobus. "Dit lyk my hierdie Bid-Boek help ons om te weet dat God by ons is."

Toe Cobus dít sê, loer Ouma Lief en Oupa Lag vir mekaar. Hulle glimlag tevrede.

GESELSTYD

Wat het jy uit die storie geleer?

Waar was jy al waar dit vir jou baie mooi was?

Wat leer die natuur vir ons oor God?

Hoe help Psalm 8 ons om dit alles te verstaan?

Om te weet

Jesus het soms woorde uit die Psalms opgesê. Psalm 8 is een van daardie Psalms. Toe Jesus een keer in die tempel was, het die kinders oor Hom gesing – so bly was hulle (Matteus 21:15–16). En toe van die ander mense daaroor kwaad geword het, het Jesus die woorde van Psalm 8:2 opgesê. Daarin staan dat selfs kindertjies weet hoe om God te prys.

Om te doen

Hier is drie dinge wat jy kan doen om, soos Megan in die storie, raak te sien hoe wonderlik God is:

- **Neem foto's van dinge wat vir jou mooi is;**
- **Maak 'n lysie van dinge wat vir jou mooi is;**
- **Teken of verf die goed wat vir jou mooi is.**

Wanneer jy klaar is, lees jy die volgende woorde vir God:

BIDTYD

Here, ons Here!
U Naam is net wonderlik, oral waar ons gaan.
As ek sien hoe wonderlik U alles gemaak het, is ek net verbaas dat U sowaar aan my ook dink. Wie is ek dan nou? Kyk net al die diere, visse, voëls, goggas en plante!
En ons kan dit alles waardeer! Here, ons Here!
U Naam is net wonderlik, oral waar ons gaan
(Psalm 8:1, 4–5, 7–10)

Jy kan nog enigiets vir God sê wat jy graag wil sê, Hy luister altyd.